DEPARTEMENT VAN EKONOMIESE ONTWIKKELING EN TOERISME

WES-KAAPSE PROVINSIALE ADMINISTRASIE

INHOUDSOPGAWE

1. Struktuur van die Departement
2. Funksies van die Departement
3. Kontakbesonderhede van die adjunk-inligtingsbeampte
4. Gids deur die Suid-Afrikaanse Menseregtekommissie oor die gebruik van die Wet
5. Rekords
5.1 Beskrywing van onderwerpe waaroor die Departement rekord hou
5.2 Rekords wat outomaties beskikbaar is
5.3 Versoekprosedure
6. Dienste beskikbaar aan die publiek
7. Reëling wat betrokkenheid by die formulering van beleid en die uitvoering van funksies toelaat
8. Regsmiddele beskikbaar ten opsigte van handelinge of versuim om te handel

1. STRUKTUUR VAN DIE DEPARTEMENT

ARTIKEL 14(1)(a)



Figuur 1



Figuur 2



1 Direkteur

1 Direkteur

Figuur 3



1 Direkteur

2. FUNKSIES VAN DIE DEPARTEMENT

- Bevorder besigheidsontwikkeling en toerisme in die Wes-Kaap
- Bevorder kennisekonomie en e-regering

DIREKTORAAT FINANSIËLE BESTUUR

- Verseker doeltreffende begrotingsbestuur
- Bestuur doeltreffende departementele verrekeningedienste
- Bestuur 'n voorsieningsadministrasiediens

HOOFDIREKTORAAT BESIGHEIDSBEVORDERING

- Reguleer besigheidsaktiwiteite
- Ontwikkel en koördineer besigheidsaktiwiteite
- Ontwikkel nywerhede en bemarking

DIREKTORAAT BESIGHEIDSREGULASIE

- Bevorder verbruikersbelange
- Reguleer lisensiëring van besighede

DIREKTORAAT EKONOMIESE ONTWIKKELING EN KOÖRDINERING

- Bevorder interdepartementele sinergie en ekonomiese ontwikkeling
- Ondersteun plaaslike ekonomiese ontwikkeling
- Fasiliteer die ontwikkeling van entrepreneurs en nuwe besighede

DIREKTORAAT NYWERHEIDSONTWIKKELING EN BEMARKING

- Identifiseer en finaliseer teikengroepe vir groei
- Fasiliteer toegang tot en die bemarking van nasionale voorsieningsaansporings
- Bevorder 'n aantreklike en ingeligte beleggingsklimaat

- Verskaf ondersteuning ten opsigte van die vestiging van 'n uitvoerontwikkelingsentrum
- Verskaf ondersteuning ten opsigte van die vestiging van 'n vervaardigingsadviessentrum

HOOFDIREKTORAAT TOERISME

- Bevorder toerisme as 'n bedryf
- Bevorder die ontwikkeling van vaardighede in die toerismebedryf
- Verskaf navorsings- en steundienste

DIREKTORAAT TOERISMENYWERHEIDSONTWIKKELING

- Bevorder 'n raamwerk vir toerismeontwikkeling
- Bevorder entrepreneurskap met spesiale klem op gemarginaliseerde gemeenskappe
- Verskaf, in samewerking met WESGRO, ondersteuning ten opsigte van die bevordering van beleggings wat met toerisme verband hou

DIREKTORAAT TOERISMEVAARDIGHEIDSONTWIKKELING

- Bevorder die Provinsiale Raamwerk vir Toerismevaardigheids-ontwikkeling
- Bevorder projekte vir toerismevaardighede
- Reguleer toeristegidse

HOOFDIREKTORAAT KENNISEKONOMIE EN E-REGERING

- Administreer die "Cape Online"-inisiatief
- Bestuur Cape Gateway
- Verskaf algemene administratiewe ondersteuning

DIREKTORAAT "CAPE ONLINE"

- Bevorder regeringsinligting ten opsigte van diensprodukte
- Bemark en kommunikeer "Cape Online"-inisiatiewe en fasiliteer ekonomiese ontwikkelingsgeleenthede

3. KONTAKBESONDERHEDE VAN DIE ADJUNK-INLIGTINGSBEAMPTE ARTIKEL 14(1)(b)

Dr. L.F. Platzky
Dorpstraat 9/Posbus 979
KAAPSTAD
Tel.: (021) 483-3840/5799
Faks: (021) 483-3409
E-pos: Lplatzky@pawc.wcape.gov.za

4. GIDS DEUR DIE SUID-AFRIKAANSE MENSEREGTEKOMMISSIE OOR DIE GEBRUIK VAN DIE WET ARTIKEL 14(1)(c)

Die gids oor die gebruik van die Wet op Bevordering van Toegang tot Inligting, 2000, sal teen nie later nie as Augustus 2003 by die Suid-Afrikaanse Menseregtekommissie beskikbaar wees. Doen navraag by:

Suid-Afrikaanse Menseregtekommissie
Eenheid vir die Wet op Bevordering van Toegang tot Inligting
Afdeling Navorsing en Dokumentasie

Posadres: Privaat sak 2700
HOUGHTON
2041

Tel.:	(011) 484-8300
Faks:	(011) 484-1360
Webwerf:	www.sahra.org.za
E-pos:	PAIA@sahra.org.za

5. REKORDS
ARTIKEL 14(1)(d)

5.1 BESKRYWING VAN ONDERWERPE WAAROOR DIE DEPARTEMENT REKORDS HOU

- Wetgewing
- Organisasie en Beheer
- Finansiële Administrasie
- Menslikehulpbronbestuur
- Akkommodasie en Huishoudelike Dienste
- Verkryging van Goedere en Dienste
- Vervoer en Amptelike Besoeke
- Verslae, Publikasies, Publisiteit en Inligting
- Komitees, Vergaderings, Forums en ander Byeenkomste
- Besigheidsbevordering
- Toerisme
- Kennisekonomie en E-regering

5.2 REKORDS WAT OUTOMATIES BESKIKBAAR IS

BESKRYWING VAN KATEGORIEË REKORDS WAT OUTOMATIES BESKIKBAAR IS INGEVOLGE ARTIKEL 15(1) VAN DIE WET OP BEVORDERING VAN TOEGANG TOT INLIGTING, 2000	**MANIER WAAROP TOEGANG TOT REKORDS VERKRY WORD**
BESKRYWING VAN KATEGORIEË REKORDS WAT INGEVOLGE ARTIKEL 15(1)(a)(i) OUTOMATIES BESKIKBAAR IS VIR INSPEKSIE	

<u>Besigheidsbevordering en Toerisme</u> (a) Verslae, byvoorbeeld ekonomiese verslae vir die Wes-Kaap	Hierdie rekords is beskikbaar vir inspeksie by die Subdirektoraat Steundienste, Grondvlak, Dorpstraat 9, Kaapstad – tussen 08:00 en 15:45.
BESKRYWING VAN KATEGORIEË REKORDS WAT INGEVOLGE ARTIKEL 15(1)(a)(ii) OUTOMATIES BESKIKBAAR IS VIR KOPIËRING OF AANKOOP	
<u>Besigheidsbevordering en Toerisme</u> (a) Jaarverslae (b) Finansiële state (c) Begrotingsverslag (d) Verslae, byvoorbeeld ekonomiese verslae vir die Wes-Kaap	Afskrifte van hierdie rekords kan na betaling van die voorgeskrewe gelde verkry word by die Subdirektoraat Steundienste, Posbus 979, Grondvlak, Dorpstraat 9, Kaapstad.
<u>Kennisekonomie en E-regering</u> (a) Jaarverslae (b) Begrotingsverslae	Afskrifte van hierdie rekords kan na betaling van die voorgeskrewe gelde verkry word by die Subdirektoraat Steundienste, Posbus 979, Grondvlak, Dorpstraat 9, Kaapstad.

<u>Korporatiewe Sake</u> (a) Jaarverslae met inbegrip van die verslag van die Ouditeur-generaal, en geouditeerde finansiële jaarstate (b) Begrotingsverslae (c) Gesamentlike ooreenkomste ten opsigte van, onder andere, die grieweprosedure, betooglinies en die gedragsreëls tydens nywerheidsoptrede (d) Grondwette van onder andere die Provinsiale Bedingingsraad (e) Beleide en prosedures in verband met personeel, met inbegrip van onder andere diensbillikheidsplanne, oriënteringsprogramme, MIV- en Vigs-aksieplanne en die gedragskode (f) Maandelikse verslaglewering oor die stand van inkomste en uitgawes: injaar-moniterings- en verslagdoeningstelsel (IMRS) (g) Mediumtermyn-Uitgaweraamwerk-begroting (MTUR) (h) Aansuiweringsbegroting en Verduidelikende Memorandum	Afskrifte van hierdie rekords kan na betaling van die voorgeskrewe gelde verkry word by die Subdirektoraat Steundienste, Posbus 979, Grondvlak, Dorpstraat 9, Kaapstad.
<u>Departementshoof</u> (a) Jaarlikse sakeplan: Oorsig oor die jaar Projeksies vir die volgende jaar	Afskrifte van hierdie rekords kan na betaling van die voorgeskrewe gelde verkry word by die Subdirektoraat Steundienste,

	Posbus 979, Grondvlak, Dorpstraat 9, Kaapstad.
BESKRYWING VAN KATEGORIEË REKORDS WAT INGEVOLGE ARTIKEL 15(1)(a)(iii) OUTOMATIES GRATIS BESKIKBAAR IS	
<u>Besigheidsbevordering en Toerisme</u> (a) Brosjures: Toeriste op reis Algemene inligting vir toeriste Kleinsakeontwikkeling (b) Witskrifte (c) Groenskrifte	Afskrifte van hierdie rekords is gratis beskikbaar by die Subdirektoraat Steundienste, Posbus 979, Grondvlak, Dorpstraat 9, Kaapstad.
<u>Kennisekonomie en E-regering</u> (a) Witskrifte (b) Groenskrifte	Afskrifte van hierdie rekords is gratis beskikbaar by die Subdirektoraat Steundienste, Posbus 979, Grondvlak, Dorpstraat 9, Kaapstad.
<u>Korporatiewe Sake</u> (a) Strategiese Plan van Departement	Afskrifte van hierdie rekords is gratis beskikbaar by die Subdirektoraat Steundienste, Posbus 979, Grondvlak, Dorpstraat 9, Kaapstad.

5.3 VERSOEKPROSEDURE

- 'n Versoeker moet Vorm A, soos voorgeskryf in die regulasies wat ingevolge die Wet op Bevordering van Toegang tot Inligting (Regeringskennisgewing R223 van 9 Maart 2001) gepubliseer is, gebruik.

- 'n Versoekfooi ten bedrae van R35,00 is betaalbaar voordat die versoek verwerk sal word.

- Op die bogenoemde vorm word voorsiening gemaak vir die versoeker om aan te dui of hy/sy 'n afskrif van die rekord wil hê en of hy/sy bloot daarna wil kyk.

- Die vorm maak ook daarvoor voorsiening dat die versoeker kan aandui in watter taal die rekord verlang word, hoewel daar geen verpligting op die Departement rus om dit te vertaal nie.

- 'n Versoeker kan ook aandui op watter wyse (dit wil sê 'n afskrif op papier, 'n elektroniese afskrif, ensovoorts) toegang tot die rekord verleen moet word. Daar sal by hierdie versoek gehou word, tensy dit onredelik sal inmeng met die bedrywighede van die Departement of indien daar om praktiese redes nie in die spesifieke vorm of medium toegang tot die rekords verleen kan word nie.

- 'n Versoekfooi is betaalbaar indien die persoon byvoorbeeld afskrifte van die rekord verlang. In sekere gevalle mag die betrokke persoon ook versoek word om 'n deposito te betaal. Die versoeker kan 'n interne appèl indien teen die betaling van hierdie gelde. Die bedrag wat ten opsigte van 'n interne appèl betaalbaar is, beloop R50,00. Indien die versoeker 'n interne appèl wil indien, moet Vorm C (soos voorgeskryf in Regeringskennisgewing R223 van 9 Maart 2001) ingevul word.

- Ingeval al die prosedures vir 'n interne appèl gevolg is en die versoeker nog nie tevrede is met die uitkoms nie, kan 'n hof genader word vir 'n toepaslike bevel.

- Toegang tot 'n rekord sal weerhou word totdat al die toepaslike gelde betaal is.

- Inligting kan namens 'n ander persoon aangevra word, maar daar moet aangedui word in watter hoedanigheid die versoek gerig word.

- Indien die versoeker nie kan lees of skryf nie, of as gevolg van 'n gestremdheid nie die vorm kan invul nie, kan die versoek mondeling gerig word. Die inligtingsbeampte of 'n persoon aan wie die bevoegdheid gedelegeer is, moet dan die vorm namens hierdie persoon invul en vir hom/haar 'n afskrif van die voltooide vorm gee.

6. DIENSTE BESKIKBAAR AAN DIE PUBLIEK
ARTIKEL 14(1)(f)

- Lewer dienste in verband met kliënteklagtes
- Reik dranklisensies deur middel van die Drankraad uit
- Bied programme vir toerisme-entrepreneurskap aan wat die bevordering van nuwe toerismeprodukte fasiliteer, en die ontwikkeling van produktiwiteit en vaardighede verbeter
- Fasiliteer gemeenskapsdeelname aan toerisme deur middel van projekbefondsing en armoedeverligtingsbefondsing
- Registreer alle toerismeondernemings om die versekering van gehalte te bevorder
- Hou 'n hulplyn vir toerisme in stand en bedryf dit om kwessies wat met toerisme verband hou, te hanteer

7. REËLING WAT BETROKKENHEID BY DIE FORMULERING VAN BELEID EN DIE UITVOERING VAN FUNKSIES TOELAAT ARTIKEL 14(1)(g)

Geen

8. REGSMIDDELE BESKIKBAAR TEN OPSIGTE VAN HANDELINGE OF VERSUIM OM TE HANDEL ARTIKEL 14(1)(h)

Wetgewing wat op die Departement van toepassing is, kan voorsiening maak vir 'n interne hersienings- of appèlprosedure. Indien hierdie prosedure gevolg is, of indien daar nie vir sodanige prosedure voorsiening gemaak is nie, kan 'n hof vir die toepaslike bevel genader word.